SARIE

ons inspirasie

#JyIsGenoeg

NATANIËL & CHARL
20 jaar sáám van die beste
bl. 43

Ek is dankbaar om myself te herontdek

GESELS SÁÁM

- **Fiksie vs waarheid**
  Het Deon Meyer se *Koors* virus voorspel?
- **Húlle sit agter FOPNUUS**
  Dalk ook jou ma!
- **Grendeltyd**
  Woef en Kiets so effe getik **Dís hoekom**
- **Jy trou wéér met jou eks . . .**
- **Mooiste oë**
  16 beste wenke
- **Verhoudings**
  'My seun 'n engel, man!' **Dozi**
  'Ek's verlief, dis 'n voorreg' **RSG se Martelize**

Leandie
Sterker ná haar seer

1STE WENNER SARIE NUWE GESIG

Jonadrie
'Ek's anders, en dis oukei'

09994
9 770256 039000
SEPTEMBER 2020
R85,00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$85,00

SARIE VOORBLADGESIG 2020 – HIER'S ONS TOP-40 bl. 30

M.A.C Powder Kiss Liquid Lip Colour (R345)
Lippe met 'n sagte, effens gesmeerde (*blurred*) liplyn is deesdae 'n groot tendens. Dié voorkoms kan jy maklik skep met M.A.C se nuwe reeks vloeibare lipstiffies. Die unieke mousse-formule het 'n poeierige matafwerking, maar voel steeds sag en bevogtigend op jou lippe. Kies uit 17 skakerings – van neutraal tot helderpienk, pers en oranje. By M.A.C-winkels landwyd of maccosmetics.co.za

OM TE TOETS

Nivea Q10 Power Anti-Age Multi-Action Youth Oil Booster (R300)
Die koënsiem Q10 kom natuurlik in jou vel voor. Q10 verskaf energie aan jou selle, wat dit optimaal laat funksioneer en help om dit teen skade te beskerm sodat jou vel langer jonger lyk. Nivea se gewilde Q10-velsorgreeks is herontwikkel met 'n suiwerder vorm van Q10 wat 100% identies is aan dié in jou vel. Jou vel kan dus die aktiewe bestanddeel makliker opneem en gebruik. Probeer dié sysagte olie vir 'n stralende vel. **Sien bl. 9 vir jou toetsproduk.**

Naturally Africa Hair & Scalp Oil (R160) en Cleansing Conditioner (R140)
Die trots SA haarsorg-reeks Naturally Africa is spesiaal geformuleer vir natuurlike etniese hare met 'n growwe, krullerige tekstuur. Die reeks bevat geen chemikalieë nie en meer as 95% van die bestanddele is van natuurlike oorsprong. Probeer die haar- en kopvelolie met teeboomolie om 'n gesonde kopvel te handhaaf, of die bevogtigende reinigingsopknapper verryk met sonneblomsaadolie. By Clicks

NUUT

DEUR MONICA VAN DER WALT

INOAR Progressive Magic Smoothing Treatment (R300)
Dié alles-in-een haarbehandelingsproei is 'n moet-hê vir jou naweeksak! Dit bevat jasmynekstrak wat bevog, kroeserigheid verminder en sorg vir blink, gladde hare. Dit beskerm ook teen hitte en humiditeit. Spuit aan jou klam hare ná jy dit gewas het. By uitsoeksalonne of inoar.co.za

Catrice Clean ID-grimeerreeks (vanaf R52)
Die term "clean beauty" verwys na skoonheidsprodukte wat ontwikkel is met die gesondheid van mense en die omgewing in ag. Die produkte is dus meestal natuurlik, bevat geen toksiese of dierebestanddele nie, word nie op diere getoets nie en het dikwels verpakkings van volhoubare materiaal. Dié grimeerreeks van Catrice is só 'n "skoon" reeks en spog onder meer met 'n BB-room, oogskadupalet, verligter en lipolie. By Dis-Chem

Johnson's Fresh Hydration Micellar Rose-Infused Cleansing Water (R80) Miselwater, 'n reiniger met klein oliemolekules wat aan onsuiwerhede klou, werk goed om hardnekkige ooggrimering soos maskara en oogpotlood sagkens skoon te maak. Deurweek twee stukkies watte daarmee en plaas dit sowat 15 sekondes op jou oë om die grimering op te los. Vee dan die watte sagkens oor jou wimpers, wenkbroue en onder jou oë. Ons hou van dié nuwe een van Johnson's met strelende rooswater.

Foto's Getty Images/Gallo Images, verskaf
* Produkpryse is voorgestelde pryse en kan verskil van winkel tot winkel